

# Gebed by Psalm 123

*Soewereine God op u troon in die hemel,  
kyk na ons met u genadige oë  
soos ons na U kyk in nederigheid en liefde,  
en vul ons siele met u vrede  
deur Jesus Christus ons Here.*

*vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England*

---

# Gebed by Psalm 57

*Tere God,  
sagte beskermmer in tyd van nood,  
deurbreek die duisternis van wanhoop  
en gee aan ons, met al u mense,  
die lied van vryheid en die jubeling van lof;  
in Jesus Christus ons Here.*

*vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England*

---

# Gebed by Psalm 54

*O lewende God,  
dring tog deur die geweld van die trotsaards  
en die wanhoop van die swakkes,  
om in Jesus Christus 'n volk te skep*

*wat vry is om u heilige Naam te prys,  
nou en vir altyd.*

*vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England*

---

## **'n Gebed van William van Ockham**

*Ons loof U, Here, Brood van die Lewe, wat ons voed.*

*Ons loof U, Here, Lig van die Wêreld, wat ons donkerte verdryf.*

*Ons loof U, Here, Deur van die Skape, wat ons toegang bied tot u Koninkryk.*

*Ons loof U, Here, Goeie Herder, wat u lewe aflê vir u skape.*

*Ons loof U, Here, Opstanding en Lewe, wat verseker dat die graf ons nie sal  
verswelg nie.*

*Ons loof U, Here, Ware Wingerdstok, omdat ons u lote is en in U mag bly soos  
U in ons.*

*Ons loof U, Here, Weg, Waarheid en Lewe, omdat ons deur U na die Vader mag  
kom.*

*Ons loof U, Here, Blink Môrester, wat die ewige dag aankondig.*

*Ons loof U, Here, Alfa en Omega, Begin en Einde, omdat U die laaste woord sal  
spreek.*

*Amen.*

---

## **Gebed vir die Oujaar**

*Hemelse Vader*

*Die jaar se asem is bykans op; 2018 is amper verby. Teen die spoed van een dag  
op 'n slag het 2018 voor ons oë verbygesnel.*

*Ons dank U, Here, dat U op soveel verskillende maniere gedurende die afgelope jaar in ons midde teenwoordig was:*

- *Toe dit donker was, het U u hemelse lig laat skyn.*
- *Toe slegte nuus in die omgewing was, het Jesus se Goeie Nuus opgedaag.*
- *Toe geweld en chaos gedreig het om oor te neem, het u vrede getriomfeer.*
- *Toe moed en hoop weggesyfer het in die sand, het die hoop wat U bring, in 'n paar harte bly brand.*

*Op wonderlike maniere het U u vingerafdrukke op ons lewens agtergelaat in 2018:*

- *Toe ons gepleit het, het U op u eie maniere ons gebede verhoor.*
- *Toe ons brood by die hemel gaan bedel het, was Christus ons nogmaals genadig en het Hy van voor af met ons begin.*
- *Toe ons dors was, was Lewende Water altyd in die nabyheid.*

*O Here, U was en is steeds net een gebed ver.*

*En nou wink 2019. Ons weet nie wat alles vir ons voorlê nie, maar ons weet U sal in die nuwe jaar met ons wees. Daarom dat ons 2019 kan omhels. Ons is nie alleen nie. Ons is nie soos mense sonder hoop nie. Alles behalwe. Ons is u duurgekoopte eiendom. Tree vir tree loop ons saam met U, wat die Pad en die Eindbestemming is. In u Naam durf ons reuse aan en loop ons deur groen weivelde.*

*Dankie dat U ons hoop is!*

*Amen.*

*(nav 'n skrywe van Stephan Joubert)*

---

# Ons Vader-gebed

*Ons Vader wat in die hemel is,*

*Laat u Naam geheilig word.*

Gee allereers dat ons U reg ken en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter. Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word.

*Laat u koninkryk kom.*

Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp. Bewaar u kerk en laat dit groei. Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word, totdat die volkomenheid van u ryk kom, waarin U alles in almal sal wees.

*Laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.*

Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpraterij gehoorsaam te wees, sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer soos die engele in die hemel.

*Gee ons vandag ons daaglikse brood.*

Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is, sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is, en dat al ons sorg en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie. Gee daarom dat ons ons vertrouwe van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel.

*Vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree.*

Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie. Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe.

*En laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose.*

Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur, nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en

versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie, totdat ons eindelijk die oorwinning volkome behaal.

*Aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.*

Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word.

Amen.

*Oorgeneem uit die Heidelbergse Kategismus*